

Die pad verby volmaaktheid

Teks: 1 Korinthiërs 13: 1 - 13

Teksvers: 1 Korinthiërs 13: 11

1. Inleiding

Vanoggend word ons stil voor een van die bekendste gedeeltes in die woord van die Here. 1 Korinthiërs 13 is baie bekend as die hoofstuk oor die liefde. Maar die vraag is of 'n moderne verdraaide wêreld nog werklik verstaan wat ware liefde is. Is liefde net vir ons daardie romantiese gevoel tussen 'n glas paartjie. En meestal ook net in voorspoedige omstandighede. En miskien is dit juis die ironie 'n keuse van hierdie teksgedeelte vir vanoggend se preek.

Tog wanneer ons eerlik na die omstandighede van die eerste aanhoorders in Korinthe kyk sien ons iets interessant. Want alhoewel die stad Korinthiërs 'n voorspoedige ekonomiese stad, langs 'n besige handelsroete was, is dit nie so eenvoudig in die kerk nie. Want hierdie eerste brief aan die Korinthiërs het juis ten doel om probleme aan te spreek.

En die oplossing vir hierdie dinge is niks anders as die liefde nie. Maar dan natuurlik die liefde in volle omvang en betekenis daarvan. Nie net die romantiese gevoel tussen 'n man en vrou nie. Trouens die onderwerp van ons teksvers is juis daar waar ons nie romantiese liefde aantref of, of wil aantref nie. Hierdie onderwerp is natuurlik kinders. Kinders word as beeld of vergelyking gebruik vir dit wat Paulus wil sê.

Ons gaan vanoggend in die preek kyk wat in die kante van hierdie vergelyking staan. Wat is dit wat Paulus vir ons wil verduidelik deur die beeld van kinders. En dan natuurlik wat is die boodskap vir ons vandag, juis in die moeilike omstandighede waarin ons leef. Want uiteindelik wil ons tog ook in die geloof groei tot volwassenheid. Selfs al weet ons

dat volmaakte geloofsvolwassenheid nie in hierdie bedeling bereik gaan word nie. Tog is ons almal oppad êrens heen, selfs in hierdie tye waar ons beweging letterlik ingeperk is.

2. Begrawe tussen tydelike dinge

Wanneer ons na die plek in die Woord kyk waar ons vandag se teksgedeelte aantref, sien ons alreeds baie geopenbaar. Want soos ons vroeër gesê het, is ons teksgedeelte 'n vergelyking. En op 'n manier is dit juis hoofstuk 12 en 14 wat vergelyk word met hoofstuk 13. Dit is die sake binne in hoofstuk 12 en 14 wat vergelyk word met die hoofsaak in hoofstuk 13, die liefde.

In hoofstuk 12 gaan dit oor die voordeel van die geloofsgemeenskap, teenoor individuele selfsugtige voordeel. En soortgelyk in hoofstuk 14 gaan die oor die geestelike hoogmoed van die najaag van spesiale gawes, met die besonderse klem op die praat in tale. Teen hierdie agtergrond word hoofstuk 13 vir ons duideliker. Want dit wat beter is word oorgedra in hoofstuk 13, en ook meer intens uitgebrei.

Binne in hoofstuk 13 tref ons ook baie tydelike dinge aan. Met tydelike dinge word bedoel dinge wat beperk is tot hierdie bedeling. Hierdie dinge word opgenoem in ons teksgedeelte naamlik: ongewone tale, profesieë, geloof en martelaarskap. Maar tussen al hierdie dinge tref ons dit aan wat verder gaan, liefde. Maar dan word liefde nie net genoem nie. Dit word ook nie sommer net vergelyk nie, dit word baie hoër aangeskryf. Sien begrawe tussen al die ander dinge wat die mensdom so hoof aanskryf, tref ons die liefde aan.

Iets wat eintlik soms so alledaags voel, iets wat ons selfs ook in 'n mate by kinders ook aantref, die liefde. Maar liefde is uiteindelik die een ding tussen al hierdie ander sake wat werklik ewigheidswaarde het. Omdat liefde uiteindelik so ver strek is dit eintlik net logies dat die liefde 'n pad loop. 'n Pad waarvan ons 'n voorreg het om deel te wees. Tussen al die tydelike dinge hier op aarde het ons die voorreg om iets met werklike ewigheidswaarde te ervaar.

3. Groeipontesiaal

In die vergelyking in ons teksvers sien ons hoe Paulus terug verwys na sy kinder lewe. En dit is hierdie terugverwysing wat uiteindelik die beeld word wat hy gebruik. Maar dit is belangrik om te sien dat so 'n terugverwysing iets van 'n verandering openbaar. Paulus is nie meer 'n kind nie. Hy het gegroei na 'n volwasse man. Daar was groeipontesiaal, maar hierdie potensiaal is nie net beperk tot sy liggaamlike groei en ontwikkeling nie. Dit het ook te doen met die dinge waarmee hy hom besig hou, sy redenasies, denke en uitsprake.

Hierin lê ook 'n openbaring. Ons het nie beheer oor die ontwikkeling van ons fisiese liggame nie, hulle word groter en sterker en later weer swakker sonder dat ons dit kan keur. Maar jou denke en redenasies, is iets ontwikkel moet word. Paulus koppel dit aan die einde van ons teksvers aan aflê agterlaat. Ons almal ken hierdie pynlike waarheid van meer volwasse word. Daardie voortdurende proses bewuswording van boosheid in my optrede en redenasies. En dan die afsterwe van daardie boosheid.

Maar hierdie afsterwe is nie moontlik uit ons eie nie. Hier het ons eers die volmaakte liefde nodig, voor ons kan groei in die liefde. Die Here Jesus Christus wat in volmaakte liefde sy lewe kom aflê vir ons. Soos wat 1 Johannes 3:16 duidelik openbaar: “¹⁶Hiéaraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê”

Hierdie verlossing in ons Here Jesus Christus gee aan ons alles wat ons nodig het om te groei op die pad van die liefde.

Die vraag aan ons elkeen is nou, of ons hierdie groeipotensiaal gaan laat realiseer. Of gaan ons maar voortdurend net besig bly met die kinderagtige dinge in die geloof. Want dit is uiteindelik Paulus se vermaning aan die Korinthiers. Wille julle altyd besig wees met die dinge van 'n kind in die geloof, naamlik praat in tale, martelaarskap ens. Of gaan julle strew na die opgroei op die geloofspad.

4. Die ware krag in moeilike situasies

Die gedagte dat groei net moontlik is in perfekte omstandighede is iets waaraan ons baie keer vashou. En op 'n manier is dit ook waar vir die saak waarmee ons vanoggend besig is. Sonder die ideale omstandighede is groei onmoontlik. Maar die vraag is wat is dan ideale omstandighede? Of is dit ook iets soos die konsep van liefde wat ons heeltemal verkeerd het?

Die ideale omstandighede om op te groei in die geloof is reeds vir ons gegee. Ons het vroër daarna verwys. Ons Here Jesus Christus wat ons kom verlos het, met Sy sterwe en opstanding. Tog lê dit net aan die begin van hierdie geloofsgroei-pad. Dit lê in die kinderdae in konteks van vandag se teksvers. Wat van die omstandighede verder op die pad?

Ons weet dat iets in gunstige omstandighede dikwels nie groei nie. Dit is eers wanneer daar 'n uitdaging, of 'n probleem ontstaan. Want dan moet daar gegroei word om hierdie uitdaging of probleem te oorkom. En hierdie is nie eenvoudig 'n wêreldse waarheid wat net die geloof ingedra word nie. 1 Petrus 1:7 openbaar al iets hiervan aan ons: “⁶Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings ⁷sodat

die egtheid van julle geloof getoets kan word.”

Om groot te word is soms pynlik. Maar dit is juis in moeilike omstandighede waarin ware Christelike liefde floreer. Want ware liefde is juis nodig wanneer mens in nood is. Dit is dan wanneer die liefde wat die Vader aan ons bewys het, ook weer aan ander bewys kan en moet word. Want uiteindelik is dit hierdie liefde wat ons so onverdiend by die Vader ontvang het, wat ons krag gee in die moeilike situasie wat ons daaglik beleef.

5. Slot

Ons kan afsluit deur na 'n laaste aspek van die opgroei van 'n kind te kyk. Ons almal ken die strewe van 'n kind om groot te wees, of te word. Gewoonlik dan net om wanneer ons groot is, terug te verlang na kommer vrye dae as 'n kind. Maar in die opgroei in die geloof is dit anders. Die dinge wat ons moet afsterf om in die geloof op te groei is sleg vir ons en ons is beter af om daarvan verlos te wees.

In die Korinte was dit verskeie hartseer dinge wat ons ongelukkig vandag nog in ons geloofsgemeenskappe aantref. Die geestelike hoogmoed, om oor 'n spesifieke geestelike gawe te beskik. En dan daardie selfsugtige aanwending van daardie gawe tot my eie voordeel alleen. Dit is wat ons vandag nog kinderagtige optrede noem. Daardie bekende woorde: “Myne, net myne alleen,”

Dit terwyl die Here juis die gawes gee om die totale liggaam van die gemeenskap van die gelowiges op te bou. Maar dan is dit ook belangrik om te sien wat hierin gesê word. Die gemeenskap van die gelowiges moet opgebou word. Daar kom 'n tyd wanneer die gemeenskap van die gelowiges volmaak sal wees. Wanneer die gawes tot opbou nie meer nodig sal wees. Ons weet hierdie tyd lê ander kant swaarkry. Pyn en lyding waarmee ons vandag so vertrou is. Maar uiteindelik sal die volmaaktheid in die geloof bereik

word. Ons sal eendag almal kan sê, ons is nou volmaak klaar met die dinge van 'n kind. Maar selfs dan en verder sal die liefde nie vergaan nie.

Kom ons gaan lê onself in hierdie moeilike tyd ook daarop toe om die liefde, die ware liefde soos wat die Here aan ons openbaar te gaan gee vir 'n wêreld wat dit nodig het. Want uiteindelik moet ons ook aan beweeg op die pad, verby die dinge van 'n kind

Amen